

# Percheron Nuus
# Desember 2014

1939-2014
75
JAAR STERK
YEARS STRONG

Percheron Genootskap van SA
Percheron Breeders Society of SA

www.percheronsa.co.za ~ sapercheron@gmail.com

Geagte Lid

Dit is met groot dankbaarheid en tevredenheid dat ons terugkyk na 'n suksesvolle 75ste Bestaansjaar van die Percheron Genootskap van Suid-Afrika. Na my mening was die Feesjoernaal wat die lig gesien het, beslis die hoogtepunt van die jaar.Dit is voorwaar 'n glansjoernaal wat 'n pragtige beeld van die verlede, hede en toekoms van die Percheron - ras en Genootskap uitdra.Die positiewe terugvoer wat ons tot op hede gekry het rakende die joernaal, getuig daarvan dat almal dit geniet het om dit te bestudeer en verdien beslis 'n plekkie op jou koffietafel.

Tweedens was dit vir die Raad 'n groot eer om 'n paar van ons "ou strydosse'"en vriende van die Percheron te vereer tydens 'n Gala funksie te Windmeul Kelder, Agter-Paarl. Die families wat die aand die oorkondes in ontvangs geneem het namens die persone wat vereer is, het dit opreg waardeer veral vir die spesiale erkenning wat ons vir die betrokkenes gegee het. Vir my persoonlik was dit 'n groot eer om hierdie funksie te kon bywoon en met heimwee kon terugdink aan die voorreg wat ek gehad het om saam met van hierdie "legendes" deel te wees van die Percheron-familie

Ek wil graag vir almal wat betrokke was by al die aktiwiteite, funksies en reelings van hierdie afgelope jaar opreg bedank vir elkeen se bydrae waarsonder hierdie jaar nie so suksesvol sou gewees het nie.Vir ons sekretaris, Johan Henning, wil ek graag uitsonder by name vir die legio rol wat hy gespeel het hierdie afgelope jaar, veral vir die vind van borge, die redaksie van die Joernaal en vir al die lang ure wat hy insit om die Genootskap se sekretariele dienste op 'n uiters bekwame wyse te hanteer.

Graag wil ek namens die Raad vir elke lid en die se gesin 'n voorspoedige nuwejaar toewens. Mag jul 'n vreugdevolle en geseende 2015 in alle opsigte ervaar.



Vriendelike Groete

Johan van der Merwe
(President)




















Percheron SA Gala Funksie ~ Windmeul Kelder, Agter - Paarl















Agri Mega Week 2014 ~ Bredasdorp, Wes-Kaap



© Sharon Brink



© Sharon Brink



© Sharon Brink



© Sharon Brink



© Sharon Brink



© Sharon Brink



© Sharon Brink

Agri Mega Week ~ Sept 2014



© Sharon Brink

Agri Mega Week ~ Sept 2014



© Sharon Brink

# Wes-Kaap SA Percheron Veiling ~ Bredasdorp



1939-2014

75 JAAR STERK
YEARS STRONG

Percheron Genootskap van SA
Percheron Breeders Society of SA

Uitslae ~Wes-Kaap SA Percheron Veiling:

Elsenburg Minda, koper Louis Gertenbach van Pretoria R40 000.00

Elsenburg Leila, koper Daan du Toit van Caledon R 25 000.00

Montago's Davy R 35 000.00